GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

# INFO 14/2024

13 September 2024

## Van die skoolhoof

*Liewe GSDP-gemeenskap*

**"Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en die wat daar woon, alles behoort aan die Here" (Ps. 24:1).**

**Rentmeesters van God se eiendom**
Rentmeesterskap beteken dat ons weet dat die aarde en die volheid daarvan aan die Here behoort, alles wat ons het is by Hom geleen. Ons aardse besittings, ons talente, ons gawes, ons liggame, ons tyd en ons vermoëns behoort alles aan Hom. Ons mag nooit praat van my geld, my huis, my kar, my beursie, my bankrekening ens. nie. Nee, dit behoort alles aan Hom.

Ook in begrotingstyd moet ons onthou dat ons rentmeesters van die skoolfonds, subsidie en donasies is. In praktyk beteken dit dat ons by GSDP met groot noukeurigheid en verantwoordelikheid met finansies, bates en besittings moet omgaan. Dit sluit in om die finansies so te bestuur dat onderrig ongehinderd kan voortgaan, die infrastruktuur mooi onderhou word, buitemuurse aktiwiteite kan plaasvind en die personeel regverdig en billik vergoed kan word.

Wanneer ons hierdie middele bestuur, doen ons dit aan die hand van 'n paar Bybelse beginsels.

**Beginsel 1: Soek God se leiding in die bestuur van finansies.**
Om ons skool se begroting te laat klop, verg kennis, maar ook wysheid. Ons werk dus in biddende afhanklikheid van die Here wanneer ons hierdie begroting saamstel, met die raad en advies van finansiële kundiges. "Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie; ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak." Spr. 3:5-6

**Beginsel 2: Om versigtig te beplan en besluite te neem.**
Beplanning word in die beste belang van die skool gedoen. Fondse word versigtig bestuur en spaarsamig aangewend sodat daar vir die toekoms voorsien kan word. "Die planne van die vlytige lei tot wins, net soos haas tot armoede lei." Spr. 21:5

**Beginsel 3: Om finansiële handelinge eerlik en met integriteit uit te voer.**
Daar word nie met betalings gesloer nie en salarisse word uitgewerk en betaal ooreenkomstig die arbeider wat sy loon werd is. "Die Here verafsku oneerlike skale, maar akkurate gewigte vind guns by Hom." Spr. 11:1

**Beginsel 4: Skuldbestuur**
Die Bybel gee advies wanneer skuld ter sprake is. Ons moet die skuld bestuur om oormatige finansiële laste te voorkom. Ouers word opgeroep om verstandig te begroot vir skoolgeld. Ook vir ekstra uitgawes soos toere, kampe en IEB-eksamens. Ouers wat agter raak met skoolgeld moet die vrymoedigheid neem om te kom gesels sodat ons saam 'n volhoubare betalingsplan kan uitwerk. "Die rykes heers oor die armes, en die skuldenaar is 'n slaaf van die skuldeiser." Spr. 22:7

**Beginsel 5: Vrygewigheid**
Die Here moedig ons aan om met vrygewigheid barmhartigheid te verleen. Die skool begelei ouers wat Gereformeerde onderrig begeer en hulp benodig om dit te kan bekostig. "Elkeen moet gee soos hy in sy hart besluit het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief." 2 Kor. 9:7

Ons leef in vertroue en glo dat solank as wat ons aanhou om roepingsgetrou in God se koninkryk te arbei ,Hy sal voorsien in wat nodig is om hierdie take te kan uitvoer.

*Vriendelike groete*

Saskia Meijer



## Beplanner

- **13 Sep:** HS: Gr. 10-toer begin
- **13 Sep:** GSDP-sportdag
- **17 Sep:** Kleuterskool-oueraand
- **17 Sep:** Laerskool Gr.1-3 oueraand
- **20 Sep:** Matriekafskeid
- **20 Sep:** Skool sluit
- **20 Sep:** HS-vasvra
- **20 Sep:** Gr. 1-7 rapporte uit
- **21 Sep:** Nasionale fietsry-finaal
- **1 Okt:** Skool heropen
- **3 Okt:** HS-fotodag
- **3 Okt:** Laerskool Gr. 4-7 oueraand
- **4 Okt:** HS-rapporte uit
- **4 Okt:** KS-fliekoggend
- **4 Okt:** LS-fliekaand
- **8 Okt:** Oupa-en Ouma-piekniek
- **10 Okt:** HS-oueraand

## BELA-wetgewing

Dit blyk dat president Cyril Ramaphosa die omstrede BELA-wet Vrydag 13 September wel  gaan onderteken.

Daar is tans wye nuusdekking hieroor wat ons gemeenskap ook nie verbygaan nie. Heelwat ouers het my reeds gekontak om te hoor hoe dit ons skole raak.

Die BELA is 'n wet wat poog om staatsentralisering te bevorder. Dit meng in met skole se taal- en toelatingsbeleid deur dit in die hande van provinsiale onderwysdepartemente in plaas van die ouers s'n te plaas.

Sonder om in te veel detail van die voorgestelde wetgewing te gaan, is dit belangrik om kennis te neem van die volgende t.o.v. onafhanklike skole:

• Onafhanklike skole mag hul eie missie, etos, geloof, waardestelsel en filosofie, toelatings- en taalbeleid, promosie, kurrikulum en finale eksamen wat tot 'n Nasionale Senior Sertifikaat lei, bepaal. Die BELA-wetgewing het dus geen invloed op die keuse van taal of 'n onafhanklike skool se toelatingsbeleid.

• Onafhanklike skole bepaal self hoe die skool bestuur, gefinansier en hoe personeel aangestel word. Die skoolbestuur se magte word dus nie deur die BELA-wetgewing bepaal of gereguleer nie.

• Onderwysposte in 'n onafhanklike skool word nie deur die regering bepaal of beheer nie.

• In 'n onafhanklike skool word kinders se onderrig nie bedreig deur hierdie wetgewing nie.

• Die BELA-wetgewing bepaal wel dat 'n gesubsidieerde onafhanklike skool se geouditeerde state vier keer per jaar beskikbaar gestel moet word vir inspeksie en nie meer slegs een keer per jaar nie.

•Daar word ook vereistes aan graad R gestel. GSDP voldoen reeds daaraan.

Alhoewel ons nie die BELA-wetgewing weens verskeie redes ondersteun nie, is daar geen onmiddellike effek op onafhanklike skole soos Dirk Postma nie.



## Kerkgeskiedenis

Die vak kerkgeskiedenis is vir ons baie belangrik, aangesien dit ‘n wonderlike hulpmiddel is om kinders te laat sien hoe Jesus Christus deur sy troue liefde die kerk deur al die eeue teen die aanslae van die duiwel en die wêreld bewaar.  Tog weet ons dat hierdie vak baie keer kan verval in koue feite wat nie vir die kinders relevant is nie. Geheuesisteme is gebou op assosiasies, om moeilike geskiedenis te verpak in ‘n storie, is ‘n vorm van assosiasie. ‘n Kind gaan ‘n storie baie makliker onthou as ‘n klomp feite.

Ons is dus baie opgewonde om mee te deel dat ‘n splinternuwe kerkgeskiedenis handboek, propvol boeiende verhale, bekendgestel word. Hierdie pragtige boek is deur ds. Pieter en sy vrou Jenny Boon geskryf en geïllustreer. Ons uiteindelike doel met hierdie projek is om die reeks uit te brei sodat dit uit vier dele bestaan. Hierdie dele sal dan strek vanaf die jaar 30 tot vandag.

Die boek gaan vanaf volgende jaar ‘n voorgeskrewe handboek vir graad 4 -11 wees, wat ouers self moet aankoop. Sodoende kan elke kind sy eie boekrak stelselmatig opbou met ‘n pragtige reeks. Die inhoud is so geskryf dat dit vir laer- sowel as hoërskole voorsiening maak. Dit is ook ‘n reeks wat selfs vir katkisasie gebruik kan word.

U word hartlik uitgenooi om die boekbekendstelling op **17 Oktober** by **Gereformeerde Kerk Kandelaar** om **18:30** by te woon.





# Sport



## Hokkie

Die derde kwartaal was vol hokkie-opwinding.

Die seisoen het afgeskop met 'n hokkie-afrigtingskursus vir ons afrigters. Ons het aan 5 mini-hokkiedae deelgeneem en teen 'n hele aantal skole seniorwedstryde gespeel. Ons was ook bevoorreg om wedstryde op Oos-Moot Hoërskool se Astrovelde te speel.

Vanjaar was daar altesaam 88 Dirkies wat hokkie gespeel het. Spelers van 3 tot 13 jaar het met rooi kouse, groot ywer en 'n getroue ondersteunerspan uitgestaan op die hokkieveld. Die Dirkies het getrou geoefen, gespeel en baie geleer.

Ons 0/6-span het vanaf rou talent ontwaak in kranige stokswaaiers. Juffrou Hildegard se lekkertjies en tannie Karyna se speletjies was veral 'n groot aantrekkingskrag.
Die 0/7's is van mening dat tannies Innecke en Renette "die beste afrigters van almal is".
Oom Martyn het die 0/8's soveel nuwe vaardighede en waagmoed geleer dat sommiges van hulle sommer kans gesien het om by die 0/11's uit te help.

Coach, oom, dominee meneer Lohan en juffrou Arina het die 0/11's tot vele oorwinnings gelei en oom Martyn het die 0/13's afgerond tot kranige hokkiesterre.

Baie dankie aan elke Dirkie wat sy/haar kant gebring het om ons skool te verteenwoordig. Dankie vir julle getroue bywoning van oefeninge, goeie gesindheid op die veld en die ywer waarmee julle die hokkie aangepak het. Dankie ook aan elke ouer wat julle kinders ondersteun, aanmoedig en aanry. Dankie aan ons afrigters wat baie tyd, liefde en moeite insit om 'n belangrike legkaartstukkie in ons kinders se lewensreis in te bou.

Ons hoop hierdie suksesvolle seisoen moedig nog 'n paar Dirkies aan om hulle stokke af te stof vir 2025 se hokkieseisoen

## Atletiek

Ons landloopseisoen is nou verby en die Dirkies-atlete oefen al hard vir die atletiekseisoen. Op Dinsdae en Donderdae om 17:00 draf ons die skoolgronde plat en hou ons resies teen mekaar om op 'n prettige manier fiks en vinnig te word! Daar is selfs 'n paar ouers (en oom Joseph) wat hulle tekkies aantrek en saam kom fiks word (en styf is die volgende dag). As jy nie wil uitmis nie, moet jy sorg dat jy op die landloop Whatasapp-groepie kom waar ons al die inligting deel. Kontak vir Karyna le Roux by 0767339349.

Van volgende kwartaal af sal daar atletiekoefening ook direk na skool wees. Die **kleuters tot 0/8** oefen **13:00 tot 13:30** en die **seniors** oefen **13:45 tot 14:15**.





## Sagtebal 2024

Die sagtebalseisoen het vroeg in die derde kwartaal afgeskop met 'n klomp meisies wat by die eerste sagtebal oefening opgedaag het. Van die meisies het nog nooit sagtebal gespeel nie en nie ‘n idee gehad van wat dit behels nie.

Die seisoen is begin deur eers die basiese beginsels van sagtebal te leer. Daar is geleer hoe om te kolf, die bal ordentlik te gooi en hoe om om die baan te hardloop wanneer die bal gekolf is.

Tydens die verloop van die seisoen is daar stelselmatig nuwe vaardighede aangeleer. Sommer vroeg in die seisoen het GSDP die geleentheid gehad om op ons eie bane te kon deelneem aan die eerste wedstryde.
In die afgelope seisoen het ons sewe wedstryde gespeel waarvan ons vier gewen, een gelykop en twee verloor het.

Op 10 September het ons die seisoen op ‘n hoogtepunt afgesluit met 'n wedstryd teen Uitsig, waar ons 12-8 gewen het.

Enige dogter wat belangstel om volgende jaar te speel en in die pret te deel, is welkom om meer inligting by Juffrou Mariaan Hordijk te kry.

Baie dankie aan elke afrigter deelnemer en toeskouer, dit was ‘n geseënde vrugbare sagtebalseisoen.



Die **sosiale gholfdae** van 26 Augustus en 9 September was ’n sukses.

Baie dankie aan almal wat saam gaan gholf speel het. Dit was weereens baie lekker en ons maak definitief volgende jaar weer so.

### Jukskei

Die skoleliga is verby en Dirk Postma het baie mooi presteer.

0/11 gemengde span – 2de in liga
0/13 gemengde span – 3de in liga
0/16 gemengde span 1 - 1ste in liga

Zenovia Kotze en Shelanti Kotze word verkies tot die Gauteng Noord Jukskei-span wat gaan deelneem aan die Bondedag op 12 Oktober 2024 tydens die Gauteng Ope Junior Jukskei-toernooi.

Baie geluk en sterkte!


KOM ONS GEE OM
DIRKIES HELP 'n ANDER is 'n
omgee-projek van die hoërskool.
Wees sterk en vol moed
In elke graadgroep se klas is 'n krat geplaas. Leerlinge bring dan dwarsdeur die maand nie-bederfbare produkte skool toe. As die krat vol is, word dit verpak en aan behoeftige persone in ons skoolgemeenskap uitgedeel.
Ons wil graag 'n verskil maak in die lewe van mense wat in nood verkeer.
Van Augustus tot November 2024


BESTEL SPESIALITEITSKOFFIE BY GEGROND
as deel van 'n fondsinsamelingsprojek saam met GSDP!
Wees sterk en vol moed
GEGROND
COFFEE FOR THE UNRESTRICTED
TANZANIA AA
Gegrond word deur twee oudleerlinge bedryf.
'n Deel van die wins word aan die skool geskenk.
Bestellings kan elke eerste Vrydag van 'n maand by die skool afgehaal word.
HONEY IPA
GEGROND
Bestel by: https://gegrond.co.za/gsdp/




# *Kleuterskool & Laerskool*

**Oueraande:**

- Kleuterskool: **17 September**
- Grondslagfase: **17 September**
- Graad 4-7 : **3 Oktober**

**Laaste-dag-reëlings vir 20 September**
Saalafsluiting vind om 10:15 plaas. Leerlinge ontvang rapporte, waarna die skool om 11:00 sluit.






# Hoërskool

**Laaste-dag-reëlings**

Die Diensraad hou 'n **vasvra-kompetisie** vir alle leerlinge van die hoërskool. Dit vind plaas in skooltyd vanaf **7:40 tot 10:00**. Leerlinge kan spanne inskryf. Inligting is op die Hoofstroom Whatsapp-groep.

Die gesamentlike **saalafsluiting** vind om **10:15** plaas. Die skool sluit om **11:00**. Ons versoek alle leerlinge om asseblief volledige skooldrag aan te trek op Vrydag 20 September, en nie sosiale drag nie.

**Rapporte en oueraand:**

Die rapporte van die derde kwartaal word op Vrydag 4 Oktober uitgedeel. Die oueraand vind plaas op Donderdag, 10 Oktober.

Afsprake met die onderwysers kan weer by mev. Marion Boersema gemaak word. Die tye vir die oueraand is vanaf 14:00 tot 15:00, en weer vanaf 17:00 tot 19:00.



**Matriekafskeid**:

Die matriekafskeid vind DV plaas op Vrydag 20 September 2024 by Meraki Function Venue. Ons wil ons dank betuig aan die Hoërskool-ouerkomitee vir al die reëlings.




**Toere en kampe:**

Die jaarlikse graad 8 en 9 kamp het plaasgevind die afgelope week. Die graad 10's is die komende week op hul langverwagte opvoedkundige toer na KwaZulu-Natal! Die toere en kampe is altyd 'n hoogtepunt vir die leerlinge. Baie belangrike vaardighede en kennis word ook hier aangeleer, en dit skep 'n groot samehorigheidsgevoel onder die leerlinge.

**Geografie en Lewenswetenskap-uitstappie:**

Op DV 9 Oktober 2024 gaan die graad 10 tot 12 Geografie- en Lewenswetenskappe-leerlinge op 'n uitstappie na die Ditsong Kultuurhistoriese museum.




1ste klas
gratis!
Het jou kind 'n agterstand?
Leer jou kind sonder om te presteer?
Bereik jou kind sy/haar volle potensiaal?
In persoon of aanlyn
415 31ste laan, Villieria (By GK Bet-El)
Kontak Leandrè: 0716116091
Klasse is R125/klas vir groepsklasse en R250/klas vir individuele klasse. Elke klas is 50 minute.


Wiskunde/ Wetenskap
ekstra klasse
415 31ste laan, Villieria
(By GK Bet-El)
In persoon of aanlyn
Kontak Leandrè @0716116091

# Wen jou Wetenskap en Wiskunde

**Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:**

- **Vraestelle met Memo's @ R130**
- **Nifty Notas @ R130**

**Vat die volledige Wiskunde Pakket vir slegs R240**

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:**

- **Nifty Notas @ R130**
- **Flashy Flitskaarte @ R70**
- **Vraestelle met memo's @ R130**

**Vat die volledige Wetenskap Pakket vir slegs R300**

Afleweringskostes @ R120



# Win your Science and Maths

**Grade 10 to Grade 12 Maths:**

*** Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130**

Gr 10 Science Packs are busy brewing!!!

**Grade 11 to Grade 12 Science pack:**

*** Snazzy Summaries @ R130**
*** Flashy Flashcards @ R70**
*** Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130**

**All the Science goodies @ R300**

Courier Costs @ R120

**https://wenwetenskap.co.za**

**Helena - 0845103373**

**hverwey@absamail.co.za**

# Snapscan Kodes

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-
SKOOLFONDS

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:</u>

EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-
BOUFONDS

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

